



**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

**BESIGHEIDSTUDIES
MEMORANDUM**

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 37 bladsye.

NOTAS AAN NASIENERS

1. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees; dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
2. 'n Omvattende memorandum word voorsien, maar dit is in geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:
 - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die memorandum gegee word
 - Uit 'n ander bron kom
 - Oorspronklik is
 - 'n Ander benadering gebruik

LET WEL: AFDELING A:

- Daar is geen alternatiewe antwoorde nie.
 - Elke vraag het slegs een korrekte antwoord.
3. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur 'n kandidaat voorsien word en ken punte diensooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
 4. Die woord 'submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
 5. Die doel daarvan om punte (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) aan die regterkant te omring is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte.
 6. In 'n indirekte vraag moet die teorie sowel as die antwoord tersaaklik wees en verband hou met die vraag.
 7. **Foutiewe nommering van antwoorde sal streng gepenaliseer word. Hierdie is van toepassing op alle afdelings in die vraestel.**
 8. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n H of R.
 9. SubTotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omring die subTotale, soos aangedui by die toedeling van punte wat aan die einde van elke vraag verskyn. Hierdie word met 'maks' in memo gelei. Slegs die totaal vir elke vraag moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

10. AFDELING B

- 10.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidate se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die onnagesiende gedeelte te trek en gebruik die woord 'gekanselleer'.

LET WEL: Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.

- 10.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 10.1 hierbo geld steeds.
- 10.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/mening te gee, beredeneer dit ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.
- 10.4 **GEBRUIK VAN DIE KOGNITIEWE WERKWOORD EN TOEKENNING VAN PUNTE**
- 10.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer is wat vereis dat kandidate moet 'verduidelik/bespreek/beskryf', sal dit soos volg nagesien word:
- Opskrif/Feit 2 punte
 - Verduideliking 1 punt (of soos aangedui in die memorandum).
- Die 'opskrif' en 'verduideliking' word apart gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.
- 10.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet die kandidaat gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte wat toegeken is.
- 10.5 **EEN punt sal toegeken word vir antwoorde wat maklik is om weer te gee, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELINGS B en C.**

11. AFDELING C

- 11.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	Maksimum: 32
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	8
TOTAAL	40

- 11.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/ Uitleg:	(Is daar 'n inleiding, inhoud, behoorlike paragrawe en 'n gevolgtrekking?)	2
Analise en interpre- tasie:	(Leerder se vermoë om die vraag te ontleed/korrek te interpreteer, sodat begrip van wat gevra word, getoon word.)	2
Sintese:	(Watter dele van die vraag sou jy in die antwoord ingesluit het? Is daar besluite gemaak uit 'n kombinasie van relevante punte?) Punte behoort toegeken te word volgens die onderstaande gids: Meestal irrelevante feite/Geen relevante feite: 0 'n Paar irrelevante feite/'n Paar relevante feite: 1 Geen irrelevante feite nie/Slegs relevante feite: 2	2
Oorspronk- likheid:	(Voorbeelde, aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings.)	2
	TOTAAL VIR INSIG:	8
	TOTAAL VIR FEITE:	32
	TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32)	40

LET WEL:

- 1 Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.
- 2 Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde **INLEIDING** en **GEVOLGTREKKING** nie voorkom nie.
- 3 Geen punte sal toegeken word vir 'Struktuur' as die opskrifte 'Inleiding, Gevolgtrekking/Slot', ens. nie 'n verduideliking insluit nie.

- 11.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, S en/of O').
- 11.4 Die komponente van insig word aangedui aan die einde van die voorgestelde antwoord van elke vraag.
- 11.5 Sien alle relevante feite na totdat die **MAKSIMUM** punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf **MAKS** nadat maksimum punte behaal is.
- 11.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, A – Analise, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	PUNTE
Feite	32 (maks.)
S	2
A	2
S	2
O	2
TOTAAL	40

- 11.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie van dieselfde subopskrifte gebruik maak nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien **PUNTE-UITEENSETTING** aan die einde van elke vraag.)
- 11.8 Indien 'n kandidaat die vraag **VERKEERD** identifiseer/interpreteer, kry hy/sy steeds punte vir struktuur.
- 11.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/subopskrifte soos aangedui in die memorandum.
- 11.10 Ken **TWEE** punte toe vir volledige sinne. Ken **EEN** punt toe vir sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 C √√ invloedwerwing
 1.1.2 A √√ kopiereg
 1.1.3 D √√ Persoonlike Aanspreeklikheid
 1.1.4 A √√ Prospektus
 1.1.5 D √√ Al die bogenoemde
 1.1.6 A √√ Behaal groter uitsette deur sinergie
 1.1.7 B √√ Totale gehaltebestuur
 1.1.8 D √√ Arbeidsverhoudinge
 1.1.9 C √√ Dienskontrak
 1.1.10 C √√ wins (10 x 2) (20)
- 1.2 1.2.1 sekondêre √√
 1.2.2 Koöperasie √√
 1.2.3 Vakbond √√
 1.2.4 Globalisering √√
 1.2.5 Gelykbreek √√ (5 x 2) (10)
- 1.3 1.3.1 F √√
 1.3.2 E √√
 1.3.3 B √√
 1.3.4 A √√
 1.3.5 H √√ (5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

UITEENSETTING VAN PUNTE	
1.1	20
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	40

AFDELING B**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING**

- 2.1 2.1.1 Tersiêre sektor ✓ (1)
Motivering:
 Verkoop kos aan verbruikers./QFC is 'n restaurant. ✓✓ (2) (3)
- 2.1.2 Volle beheer ✓✓ (2)
- 2.1.3 **Uitdaging vir die besigheid indien gebrek aan visie en missie**
 - Sal lei tot verwarring ✓ van personeel en belanghebbendes. ✓
 - Sal doelloos ✓ en sonder rigting wees. ✓
 - Nie in staat wees om hulpbronne ✓ toepaslik toe te ken nie. ✓
 - Sukkel om 'n organisasiekultuur ✓ te vestig. ✓
 - Sonder sin vir rigting ✓ sal die besigheid sukkel om suksesvol te wees. ✓
 - Bestuurders sal nie betekenisvolle leiding en leierskap kan verskaf nie; ✓ sal nie weet waarheen die besigheid oppad is nie. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die gebrek aan 'n visie en missie. (Maks. 6 x 1) (6)
- 2.2 2.2.1 **Redes vir buitengewone groei in mikrolenings**
 - Suid-Afrikaanse banke wat onberekende risiko's geneem het ten gunste van hoër premies. ✓
 - 'n Regstelling van vorige teenstrydighede in die Suid-Afrikaanse krediet-bedryf ✓ (2)
- 2.2.2 **Mikrolenings**
 - Toestaan van klein lenings vir mense ✓ wat nie krediet vanaf banke kan kry nie. ✓
 - Individue of besighede maak lenings van klein bedrae geld vir individue vir kort periodes van tyd beskikbaar ✓ teen rentekoerse wat baie hoër is ✓ as wat kommersiële banke hef.
 - 'n Vorm van krediet wat beskikbaar is aan mense ✓ wat nie gewoonlik sou gekwalifiseer het vir krediet nie. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat met mikrolenings verband hou. (Maks. 4 x 1) (4)
- 2.2.3 **Uitdaging van mikrolenings vir die besigheid**
 - Beperkte ✓ regulasies vir mikrolenings. ✓
 - Individue/Besighede betaal onredelike hoë vlakke van rente ✓ en kan nie bekostig om die geld terug te betaal nie. ✓
 - Die lenings kom sonder opleiding ✓ en baie van die entrepreneurs is ongeskoold en onervare en hul besigheid misluk. ✓
 - Wanneer mikro-besighede misluk, word hulle verskaffers ook geaffekteer ✓ aangesien hulle verkope afneem en hulle verloor alle bedrae wat deur die mikro-besigheid aan hulle verskuldig is. ✓
 - Finansiële instellings beskou ook mikrolenings as 'n bedreiging in die formele sektor en sal met hulle kompeteer. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat met die uitdaging van mikrolenings vir die besigheid verband hou. (Maks. 4 x 1) (4)

2.3 Seksuele teistering

2.3.1 Redes vir afdanking van bestuurder vir seksuele teistering

- Stuur van seksueel suggestiewe e-posse ✓ aan 'n vroulike werker. ✓ (2 x 1) (2)

2.3.2 Seksuele Teistering

- Skending van basiese menseregte wat gewoonlik gebeur as iemand met mag sy/haar posisie misbruik, ✓ bv. 'n gebaar/aanmerking/optrede suggestiewe gedrag wat die werker viktimiseer. ✓
- Seksuele teistering word deur wetgewing verbied, ✓ bv. enige toenadering, gebaar of aanmerking van seksuele aard wat die individu kan viktimiseer/'n persoon aanraak op 'n seksuele manier. ✓
- Die persoon wat betrokke is, is gewoonlik te bang om die insident aan te meld, ✓ as gevolg van vrees vir viktimisasie. ✓
- Bestuurder belowe 'n verhoging in salaris of 'n bevordering/ *Quid pro quo*-teistering ✓ in ruil vir seksuele gunste. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die verduideliking van seksuele teistering verband hou. (Maks. 4 x 1) (4)

2.3.3 Effek van seksuele teistering

- Werkers wat slagoffers van seksuele teistering was, sal 'n gebrek aan konsentrasie, ✓ angstigheid en gebrek aan produktiwiteit ervaar. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die effek van seksuele teistering op 'n besigheid. (Maks. 2 x 1) (2)

2.3.4 Maniere waarop besighede seksuele teistering moet aanspreek

- Besighede moet hulle werknemers ✓ in die opsig ontwikkel/opvoed. ✓
- Tree teen die skuldige party op ✓ deur die polisie in kennis te stel. ✓
- Moedig die slagoffer aan ✓ om die saak aan te meld. ✓
- Formuleer 'n duidelike beleid ✓ ten opsigte van seksuele teistering. ✓
- Verseker dat dit met wetgewing ✓ ooreenstem. ✓
- Maak ander bewus van die probleem, van hulle eie regte en die regte van ander. ✓
- Skep gunstige werksomstandighede ✓ waar die werkers se regte en waardigheid gerespekteer word. ✓
- Implementeer ✓ dissiplinêre prosedures. ✓
- Implementeer duidelike ✓ klagteprosedures. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die maniere wat 'n besigheid seksuele teistering moet aanspreek. (Maks. 5 x 2) (10)

2.4 2.4.1 Staking ✓ (1)

2.4.2 Verduideliking van staking

- Tydelike gesamentlike weiering ✓ van werknemers om te werk. ✓
- 'n Gesamentlike, georganiseerde staking van werk deur werknemers ✓ om werkgewers te forseer om hulle eise te aanvaar. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met 'n staking verband hou. (2)

2.4.3 Samwu ✓/ Suid-Afrikaanse Munisipale Werkersunie ✓ (1)

2.4.4 Definisie van 'n vakbond

- 'n Vereniging √ van werknemers √ waarvan die hoofdoelwit is om verhoudings tussen werkgewers en werknemers te reguleer. √
- 'n Organisasie van werknemers √ wat beheer, betaal en gelei word deur werknemers om hulle te ondersteun en te verteenwoordig. √
- 'n Organisasie wat die regte van werknemers beskerm en beïnvloed √ en hulle belange tydens onderhandelinge met die werkgewer verteenwoordig. √
- Enige ander relevante antwoord wat met vakbonde verband hou.

(Maks. 3 x 1) (3)

2.4.5 Funksies van 'n vakbond

- Beskerming √ van die belange van werknemers. √
- Verteenwoordig die belange van die algemene samelewing √ en minderheidsgroepe deur die nuusmedia en onderhandelinge. √
- Beïnvloed √ regeringsbesluite. √
- Beïnvloed die bestuur met die oog op beter werktoestande, √ salarisse en voordele. √
- Verteenwoordig werknemers korporatief √ en individueel. √
- Verbeter √ die materiële voordele van lede. √
- Bevordering √ van die belange van lede. √
- Verskaffing van wetlike √ en finansiële advies. √
- Verskaffing van voordele √ en opvoedkundige fasiliteite aan hulle lede. √
- Ondersteuning √ van geslagsgelykheid. √
- Beskerm lede in tye van aflegging √ en dissiplinêre verhore (tugverhore). √
- Beskerming van die belange van hul lede √ tydens dissiplinêre prosedures. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die funksies van vakbonde verband hou.

LET WEL: Sien slegs die eerste VYF na. (Maks. 5 x 2) (10)

2.5 2.5.1 Uitsluiting

- Die werkgewer sluit die werknemers uit √ die werkplek/word nie op die werkperseel toegelaat nie. √
- Die werkgewers hou die werknemers weg √ van die werkplek totdat hulle almal saamstem met die terme en voorwaardes vir werk om te hervat. √
- 'n Aksie deur die werkgewers om werknemers te dwing om aan die eise van die werkgewer toe te gee √ en om vandalisme te voorkom. √
- Enige ander relevante antwoord wat met 'n uitsluiting verband hou.

(Maks. 2 x 1) (2)

2.5.2 Sloerstaking

- Die werknemers hou aan met werk, √ maar teen 'n baie stadiger tempo as gewoonlik. √
- Enige ander relevante antwoord wat met 'n sloerstaking verband hou.

(Maks. 2 x 1) (2)

[60]

UITEENSETTING VAN PUNTE	
2.1.1	3
2.1.2	2
2.1.3	6
2.2.1	2
2.2.2	4
2.2.3	4
2.3.1	2
2.3.2	4
2.3.3	2
2.3.4	10
2.4.1	1
2.4.2	2
2.4.3	1
2.4.4	3
2.4.5	10
2.5.1	2
2.5.2	2
TOTAAL	60

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**3.1 3.1.1 Entrepreneurseienskappe**

- Gedetermineerd tot sukses. ✓
- Doel-georiënteerd. ✓
- Fokus op groei. ✓
- Selfgeloof. ✓
- Kreatiwiteit en innovering. ✓
- Openheid tot veranderinge. ✓
- Selfmotivering. ✓
- Mededingend. ✓
- Selfverbetering. ✓
- Volharding. ✓
- Goeie bestuur. ✓
- Risiko-berekening. ✓
- Verantwoordelikheid. ✓
- Hardwerkend en energiek. ✓
- Strewe na onafhanklikheid. ✓
- Goeie menseverhoudinge of interpersoonlike vaardighede. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met entrepreneurseienskappe verband hou.

LET WEL: Sien slegs die eerste VYF na.

(Maks. 5 x 1)

(5)

3.1.2 Suksesfaktore**(a) Volhoubaarheid**

- Die besigheid kan bly voortbestaan ten spyte van al die uitdagings ✓ en bedreigings waarmee dit gekonfronteer word. ✓
- Die besigheid moet in staat wees om voort te gaan sonder om die omgewing ✓ en die gemeenskap waarin dit bedryf word te beskadig. ✓
- Die besigheid moet die drievoudige eindresultaat oorweeg; ✓ bestuur die drie P's: *profits*, *people* en *planet* (wins, mense en planeet). ✓
- Die volhoubare besighede is meer suksesvol, lok en behou werknemers makliker, ✓ en loop minder finansiële- en reputasierisiko's. ✓
- Die besigheid moet belanghebbendes by gesamentlike besluitneming betrokke kry, ✓ en leer van klante, werknemers en die omringende gemeenskap. ✓
- Die besigheid moet vir omgewingsbestuurstelsels sorg ✓ om die gevolge van besigheidsaktiwiteite vir die omgewing te minimaliseer. ✓
- Die besigheid moet die omgewings- en maatskaplike impak ✓ van die produksie en dienste wat die onderneming gebruik en lewer analiseer. ✓
- Die besigheid moet deursigtig wees, wat beteken 'n bereidheid om te openbaar presies wat die onderneming doen ✓ en voor staan. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met volhoubaarheid as 'n suksesfaktor verband hou. (Submaks. 4 x 1)(4)

(b) **Winsgewendheid**

- Die besigheid √ maak geld. √
- Die besigheid bestuur geld √ op so 'n manier dat 'n gesonde opbrengs op belegging aan die beleggers gewaarborg kan word. √
- Die besigheid lok meer beleggers, √ wat die besigheid toe laat om hul aktiwiteite uit te brei en om selfs meer winsgewend te word. √
- Enige ander relevante antwoord wat met winsgewendheid as 'n suksesfaktor verband hou. (Submaks. 4 x 1)(4)

(c) **Klantebasis**

- Die besigheid kan nie geld maak √ indien dit nie klante/kliënte het om hulle produkte aan te verkoop nie. √
- Die besigheid het 'n deurlopende klantebasis √ om hulle produkte aan te verkoop. √
- Die besigheid moet soek na maniere √ om hulle klantebasis uit te brei. √
- Die besigheid moet 'n lojale klantebasis hê, √ deur in die behoeftes van verbruikers voortdurend te voorsien en uitstekende dienste te lewer. √
- Die besigheid moet ook 'n rekord hê van die mense √ wat sy produkte koop. √
- Die besigheid moet die klante se kontakbesonderhede √ in die hande kry. √
- Enige ander relevante antwoord wat met klantebasis as 'n suksesfaktor verband hou. (Submaks. 4 x 1)(4)

Maks. (12)

3.1.3 Bronne van befondsing

- Eienaarskapitaal (eie fondse). ✓
 - Geld wat die eienaars in die besigheid belê. ✓
 - Eienaar se spaargeld. ✓
 - Aandele uitgereik. ✓
 - Behoue wins. ✓

- Skuld/lenings. ✓
 - Geld wat geleen word. ✓
 - Lenings van vriende en familie ✓ – die terugbetalingsooreenkoms kan buigsaam wees en rentekoerse kan baie laag wees, of geen rente kan gehê word nie. ✓
 - Banklenings ✓ – die bank sal 'n vorm van sekuriteit wil hê, die besigheid sal ook gereelde rentekoerse betalings op die lening moet maak. ✓
 - Verband ✓ – 'n bepaalde tipe banklening wat gebruik word om eiendom te koop, gewoonlik 'n langtermynlening en vereis maandelikse terugbetalings vir die periode van die lening. ✓
 - Skuldbriewe ✓ – die maatskappy leen geld van die publiek. ✓ Die skuldbriefhouers ontvang 'n vaste rente op hul geld vir 'n vasgestelde tydperk. ✓ Die maatskappy moet die geleende bedrag aan die einde van die ooreengekome tydperk terugbetaal. ✓
 - Bruikhuur- of Afbetalingsverkoopsooreenkomste ✓ – behels maandelikse betalings deur die besigheid vir die gebruik van die voertuig of toerusting. ✓
 - Oortrokke bankrekening ✓ – 'n bank laat die besigheid toe om meer geld as wat hy in sy bankrekening het te onttrek. ✓
 - Handelskrediet ✓ – verskaffers van goedere en dienste aan die besigheid is dikwels bereid om 'n sekere periode te wag vir betaling. ✓

- Ander bronne. ✓
 - Toekennings ✓ – geld wat deur die regering vir klein ontwikkelende besighede beskikbaar gemaak word. ✓
 - Waagkapitaal ✓ – ryk besigheidspersone wat in belowende klein besighede wil belê in ruil vir gedeeltelike winste in die besigheid. ✓
 - Engelbefondsing ✓ – finansiering word gegee vir eienaarskapaandele in die besigheid as dit begin word. ✓

- Enige ander relevante antwoord wat met die bronne van befondsing verband hou. (Maks. 10) (10)

3.2 3.2.1 Belangrikheid van 'n besigheidsplan

- Verskaf rigting ✓ aan 'n voorgestelde besigheid. ✓
- 'n Geskrewe dokument wat 'n omvattende opsomming ✓ gee van 'n voorgestelde besigheid. ✓
- Verduidelik die besigheidsdoelwitte, ✓ hoe dit bedryf gaan word, hoe die finansiering, hulpbronne gehanteer gaan word en wat die besigheid ten doel het om te bereik. ✓
- Gebruik as maatstaf ✓ vir die beoordeling van die mate waarin die onderneming sy doelwitte bereik. ✓
- 'n Middel wat gebruik kan word ✓ om 'n besigheid te verkoop of te bemark. ✓
- Om die moontlike sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings ✓ te identifiseer. ✓
- Gebruik om ander mense van die winsgewendheid van die besigheid te oorreed, ✓ soos met die aansoek van finansiering by 'n bank. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die belangrikheid van 'n besigheidsplan verband hou. (Maks. 3 x 2) (6)

3.2.2 Middele om 'n besigheidsplan in 'n aksieplan te omskep

- Tydlyne ✓ (1)
- 'n Visuele verteenwoordiging ✓ van kronologiese inligting. ✓
 - 'n Manier om die lys van gebeure in datumvolgorde ✓ te. ✓
 - 'n Eenvoudige middel in die vorm van 'n lys van al die aktiwiteite wat uitgevoer moet word ✓ asook die datumvolgorde waarin hulle uitgevoer en afgehandel sal word. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat met tydlyne verband hou. (3 x 1) (3)
- Submaks. (4)

- Taakontleding ✓ (1)
- Vereis dat verskillende take ✓ geëvalueer moet word. ✓
 - Bepaal of take ✓ afhanklik of parallel met mekaar is. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat met taakontleding verband hou ✓ (3 x 1) (3)
- Submaks. (4)

- Gantt-grafieke of werkonderverdelingstrukture ✓ (1)
- Meer gesofistikeerde ✓ soort tydlyne wat 'n werkonderverdelingstruktuur toon. ✓
 - 'n Staafgrafieke ✓ wat die tydsduur van elke taak teenoor die tydsverloop daarvan toon. ✓
 - Gebruik om wat gedoen moet word te identifiseer ✓ deur 'n projek in kleiner dele op te deel. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat met gantt-grafieke of werkonderverdelingstrukture verband hou. (3 x 1) (3)
- Submaks. (4)

- Kritieke roete-ontleding ✓ (1)
- Nuttig vir die berekening van die minimum tyd ✓ wat vir elke
 - taak nodig is om die voltooiingsdatum van die projek te bepaal. ✓
 - Bereken die maksimum tyd vir die voltooiing van elke taak ✓ en identifiseer take wat vertraag kan word. ✓
 - 'n Stap vir stap tegniek ✓ vir die beplanningsprosesse. ✓
 - Dit omskryf die kritieke en nie-kritieke take ✓ en het ten doel om tydraamwerk probleme en prosesknelpunte te voorkom. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met kritieke roete-ontleding. (3 x 1) (3)
- Submaks. (4)

- Projekbeplanning ✓ (1)
- 'n Gedetailleerde verduideliking van alle aktiwiteite ✓ wat voltooi moet word om 'n projek suksesvol uit te voer. ✓
 - Bestaan uit die werklike plan, ✓ die skedulering van die take ✓ en risikobestuur om die besigheid te beskerm teen finansiële teenspoed. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat met projekbeplanning verband hou. (3 x 1) (3)
- Submaks. (4)

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE na. 3 + (3 x 3) (12)

3.3 3.3.1 **Partye betrokke in 'n konsessie**

- Konsessie-gewer ✓
Konsessie-houer ✓ (2 x 1) (2)

3.3.2 **Maniere waarop die konsessie-gewer die konsessie-houer ondersteun**

- Die konsessie-houer kan opleiding, toerusting, bemaking-ondersteuning, bestuursleiding en ondersteuning om 'n geskikte ligging te vind, ✓ ontvang. ✓
- Marknavorsing ✓ word deur die konsessie-houer gedoen. ✓
- Verskaf die konsessie-gewer met 'n werkende besigheidsmodel ✓ en produkte wat klaar welbekend is. ✓
- Verskaf inligting ✓ oor produksie, verkope en bemakingstegnieke en opleiding. ✓
- Die besigheid kan kommunikeer ✓ en idees deel met ander konsessie-houers in die netwerk, en ondersteuning van hulle kry. ✓
- Enige ander relevante antwoorde wat met maniere waarop die konsessie-gewer die konsessie-houer kan ondersteun verband hou. (Enige 3 x 2) (6)

3.3.3 **Konsessie-ooreenkoms** ✓ (1)

3.3.4 **Betalings in die konsessie-ooreenkoms gestipuleer**

- Aanvangsgelde. √√
- Maandelikse bestuursgelde. √√
- Bedryfsregsheffings (tantieme) volgens omset. √√
- Koste van masjinerie en toerusting. √√
- Koste van advertering. √√
- Enige ander relevante antwoorde wat met die betalings aan die konsessie-gewer verband hou.

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE na.

(Maks. 3 x 2)

(6)

[60]

UITEENSETTING VAN PUNTE	
3.1.1	5
3.1.2	12
3.1.3	10
3.2.1	6
3.2.2	12
3.3.1	2
3.3.2	6
3.3.3	1
3.3.4	6
TOTAAL	60

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE**4.1 4.1.1 Stresvolle werksomgewing**

- Area/Omgewing √ waar werk plaasvind laat mense oorweldig en oorlaai voel. √
- Mense voel √ hulpeloos, moeg en kan hulle ook siek maak. √
- Die onveilige werksomgewing √ waaraan 'n sekuriteitswag blootgestel is √ sal bydra aan die stresvolle omgewing.
- Enige ander relevante antwoord wat met die stresvolle omgewing verband hou. (Maks. 4 x 1) (4)

4.1.2 Werksure van 'n sekuriteitswag kan bydrae tot stresvlakke

- Lang ure/skofte. √√
- Werksure in die nag. √√
- Enige ander relevante antwoord wat met die werksure van 'n sekuriteitswag, wat kan bydra tot hulle stresvlakke, verband hou. (Maks. 2 x 2) (4)

4.1.3 Effek van stres op besighedeAfwesigheid. √

- Dit is waarskynliker dat werknemers wat gestres is, van die werk sal wegbly. √
- Verlore produktiwiteit en vervangingskoste is gevolge van afwesigheid. √
- Voortydige sterftes onder werkers verhoog die personeelomset en noodsaak gereelder werwing en opleiding. √

Swak oordeel. √

- Kan lei tot 'n hoë voorkoms van ongelukke in die fabriek. √

Griewe wat tot personeelomset lei. √

- Onopgeloste griewe kan tot bedankings en 'n hoër personeelomset lei. √
- Produktiewe tyd gaan in die proses van die werwing en opleiding van nuwe werknemers verlore. √
- 'n Hoë personeelomset is ook nie goed vir personeelmoraal nie √

Konflik en interpersoonlike probleme. √

- Interpersoonlike eise wat samewerking met spanlede en toesighouers stel, is die belangrikste oorsaak van ooreising √

Klantediensprobleme. √

- Werknemers wat gestres en moeg is, wat met die publiek werk kan tot swak diens en ongelukkige klante lei. √
- Verlies in omset en winste. √

Weerstand teen veranderinge. √

- Namate stresvlakke toeneem, is mense meer geneig om vas te klou aan die ou manier van dinge doen, selfs al is dit nie meer doeltreffend nie √

Enige ander relevante antwoord wat met die effek van stres op besighede verband hou.

Maks. (12)

4.1.4 Stappe in John Kotter se veranderingsmodel

- Sorg dat daar 'n gevoel van dringendheid onder die werknemers is om die veranderinge te hanteer. ✓
- Die bestuur en werknemers moet saamwerk. ✓
- Skep 'n duidelike visie vir die besigheid. ✓
- Kommunikeer en verduidelik die visie aan al die werknemers. ✓
- Maak dit moontlik vir al die werknemers om op die visie te reageer. ✓
- Beplan en skep korttermyn-doelwitte en -suksesse. ✓
- Combineer al die veranderinge en bring self nog veranderinge aan. ✓
- Maak nuwe benaderings 'n deel van die besigheid se standaardprosedures. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die stappe in John Kotter se veranderingsmodel verband hou.

LET WEL: Sien slegs die eerste AGT na. (Maks. 8 x 1) (8)

4.1.5 Redes vir weerstand teen verandering

- Verlies aan sekuriteit. ✓
Werkers voel geborge met wat hulle ken, en hulle kan bang wees vir 'n nuwe bestuurder of nuwe tegnologie. ✓
- Vrees vir ekonomiese verlies. ✓
Werkers kan teen 'n nuwe produksieproses gekant wees omdat dit tot aflegging kan lei. ✓
- Verlies van mag en beheer. ✓
Herstrukturering van 'n onderneming kan meebring dat sommige mense minder mag het as voorheen. ✓
- Huiwering om ou gewoontes te verander. ✓
Nuwe prosesse vereis 'n ander denkwysie. ✓
- Bewustheid van tekortkominge in die voorgestelde veranderinge. ✓
Werknemers bied weerstand teen veranderinge omdat hulle sien dit kan regtig probleme veroorsaak. ✓
- Groepsdruk. ✓
Mense wat druk op ander plaas om veranderinge te weerstaan. ✓
- Tyd en omvang van verandering. ✓
Veranderinge behoort plaas te vind wanneer mense daarvoor ontvanklik en daarop voorbereid is. ✓
- Misverstand. ✓
Mense kan weerstand bied omdat hulle nie verstaan wat die doel daarvan is nie. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die redes vir weerstand teen verandering verband hou. (Maks. 6 x 2) (12)

4.2 4.2.1 Identifiseer Rene se probleem

- Ouers tel nie hulle kinders ✓ betyds op nie ✓ (2)

4.2.2 Probleemoplossingstegnieke

- Delphi-tegniek. ✓
- Trapleertegniek. ✓
- Kragveldontleding. ✓
- Visgraatontleding-/Oorsaak-en-gevolg-diagram. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met probleemoplossingstegnieke verband hou.

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER na. (Maks. 4 x 1) (4)

4.2.3 Kreatiewe denke

- Die proses wat gebruik word √ om met nuwe/vars idees vorendag te kom. √
- Gebruik laterale denke √ om probleem op te los deur redenering √ om oplossings te vind √ wat nie onmiddellik ooglopend is nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat met kreatiewe denke verband hou. (Maks. 4 x 1) (4)

4.2.4 Sielkundige struikelblokke

Interne struikelblokke. √

- Struikelblokke wat beheer word deur emosies, vrees, oordele en nadenke. √

Perseptuele struikelblokke. √

- Struikelblokke is hindernisse wat verhinder dat jy die probleem duidelik sien of 'n moontlike oplossing kry. √

Intellektuele en ekspressiewe struikelblokke. √

- Intellektuele struikelblokke – lei tot swak strategieë of planne vir die oplossing van die probleem. √
- Ekspressiewe struikelblokke – beteken dat die vermoë om idees oor te dra, moeilik is. √

Kulturele struikelblokke. √

- Struikelblokke wat daarop dui dat mense nie teen hul tradisionele oortuigings wil gaan nie. √

Omgewingstruikelblokke. √

- Omgewingstruikelblokke sluit in die sosiale en fisiese omgewing waarin mense lewe en werk. √
- Die sosiale omgewing van sakeondernemings moet 'n omgewing wees waarin daar eerlikheid, vertrouwe en ondersteuning voorkom. √
- Enige ander relevante antwoord wat met sielkundige struikelblokke verband hou.

LET WEL: Sien slegs die eerste VYF na.

Hoofpunt (1)
Verduideliking (1)
Maks. (10)
[60]

UITEENSETTING VAN PUNTE	
4.1.1	4
4.1.2	4
4.1.3	12
4.1.4	8
4.1.5	12
4.2.1	2
4.2.2	4
4.2.3	4
4.2.4	10
TOTAAL	60

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 5.1.1 Uitsoekgoedere √√ (2)

5.1.2 **Voordele van buitelandse bemarking (invoer)**

- Goedere of dienste wat vir verbruikers noodsaaklik of aanloklik is, maar nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie, kan van ander lande verkry word. √√
- Goedere of dienste wat binnelandse behoeftes of begeertes bevredig, kan goedkoper of doelmatiger deur ander lande geproduseer word, en daarom teen laer pryse verkoop word. √√
- Die invoer van goedere bied vir verbruikers 'n groter verskeidenheid produkte om van te kies. / Dit verhoog die lewenstandaard. √√
- Ingevoerde produkte verbeter die gehalte van Suid-Afrikaanse produkte. / Plaaslike vervaardigers ding mee met internasionale vervaardigers en moet seker maak dat hul items van 'n hoë standaard is. √√
- Enige ander relevante antwoord wat met die voordele van buitelandse bemarking (invoer) verband hou. (Maks. 4 x 2) (8)

5.1.3 **Stappe in die produkontwerp**

Ontwerp en ontwikkel produk-idee √ (1)

- Identifiseer watter behoeftes klante het en of die behoeftes bevredig word deur die goedere en dienste wat reeds in die handel beskikbaar is √ (Maks. 1 x 1)

Kies en sif produk-idees √ (1)

- Sodra verskeie idees gegenereer is, moet elke idee geëvalueer √ en die beste idee gekies word. √
- Die beste idee sal nie noodwendig die goedkoopste wees nie. √ (Maks. 1 x 1)

Ontwerp en toets die produk idee √ (1)

- Sodra die beste idee vir die nuwe produk gekies is, moet die idee uitgebeeld en in 'n bietjie meer besonderhede uitgewerk word. √
- Die ontwerper sal 'n basiese 3D-rekenaarontwerp skep wat uitvoering genoeg is dat 'n mens seker kan wees dat die idee sal werk. √
- Dit is die stap waarin 'n idee of aanvaar of laat vaar word. √ (Maks. 1 x 1)

Ontleed die winsgewendheid van die produkkonsep √ (1)

- Hierdie stap sal bepaal of die geld wat in die produk belê gaan word, winsgewend gaan wees of nie √ (Maks. 1 x 1)

Ontwerp en toets die fisiese produk √ (1)

- As die navorsing toon dat die produk winsgewend gaan wees, word die konsep omskep √ in 'n werklike produk en word die produk die eerste keer gemaak √ (Maks. 1 x 1)

Toetsbemarking ✓ (1)

- Die reaksie van die klante word getoets om te bepaal hoe klante oor die produk voel. ✓
- As die klante tevrede is met die produk, sal dit lei tot 'n besluit om voort te gaan met die maak daarvan. ✓

Enige ander relevante antwoord wat met die stappe in die produkontwerp verband hou. (Maks. 1 x 1)

LET WEL: Sien slegs die eerste SES na. (Maks. 6 x 2) (12)

5.2 5.2.1 **Voorbeelde van siftingstoetse**

- Aanlegtoetse. ✓
- Intelligensietoetse. ✓
- Redenasietoetse. ✓
- Persoonlikheidstoetse. ✓
- Vermoëtoetse. ✓

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE na. (Maks. 2 x 1) (2)

5.2.2 **Inhoud van dienskontrak**

- Naam en adres van die werkgewer. ✓✓
- Naam, ID, kontakbesonderhede van die werknemer. ✓✓
- Postitel. ✓✓
- Pligte van die pos. ✓✓
- Salarisbesonderhede. ✓✓
- Verlof besonderhede. ✓✓
- Beëindiging van die en kennisgewingstydperk. ✓✓
- Ander kwessies. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die inhoud van 'n dienskontrak verband hou.

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER na. (Maks. 4 x 2) (8)

5.2.3 **Prosedures van keuring en onderhoudvoering**Ontvangs van dokumentasie. ✓✓

- Word van aansoekers vereis dat hulle 'n aansoekvorm of 'n aansoekbrief, tesame met curriculum vitae, gewaarmerkte persoonlike dokumentasie en bewyse van kwalifikasies moet indien ✓

Sifting. ✓✓

- Die aansoekers wat nie voldoen aan die minimum vereistes soos in die advertensie uiteengesit nie, word uitgeskakel ✓

Evaluering van CV en opstelling van 'n kortlys. ✓✓

- CV's van die aansoekers wat voorlopig aan die minimum vereistes vir die vakante pos voldoen, sal geëvalueer word. ✓
- Die menslikehulpbron-bestuurder sal die aansoekers rangskik van die mees geskikte tot die mins geskikte. ✓
- Die beste kandidate, wat die hoogste in die rangorde is, word op 'n kortlys geplaas en kandidate wat nie geskik is nie, word uitgeskakel ✓

Nagaan van inligting in CV. √√

- Die menslikehulpbron-bestuurder kontroleer die kwalifikasies en werkgeskiedenis. √
- Sal ook referente wat in die CV genoem word, kontak om meer oor die aansoeker uit te vind √

Onderhoudvoering. √√

- 'n Formele vergadering tussen die kandidaat (ondervraagde) en die werkgewer (ondervraer). √
- Tydens die onderhoud verkry die ondervraagdes meer inligting oor die onderneming en die kandidate kan vrae stel oor die onderneming en die pos. √
- Die doel van die onderhoud is ook om die onderneming van meer inligting oor die kandidaat te voorsien, √ deur die stel van vrae en die verdere evaluering van die kandidaat √

Assesserings. √√

